



Hoërskool NOORDHEUWEL

UITTEKENBELEID

Reëls vir leerders wat vooraf, met behulp van die N20-vorm, vroeër moet uitteken.

1. Hierdie reëls met betrekking tot die indien van die N20-vorm geld slegs vir leerders wat vooraf reëlings moet tref om afwesig te wees of vroeg uit te teken. Dit is nie van toepassing op onbeplande afwesighede weens onder andere siekte nie, waarvoor ander reëlings geld.
2. Indien daar 'n rede is waarom 'n leerder op 'n sekere dag nie skool kan bywoon nie, of die skool vroeër moet verlaat, is daar 'n stelsel waarvolgens sekere reëlings met die skool rakende die betrokke afwesigheid getref moet word.
3. Dit word gedoen deur die N20-vorm (aansoek om vroeg te verdaag/perseel te verlaat) te voltooi. Hierdie vorm is by die algemene kantoor se glasvenster beskikbaar.
4. Indien dit 'n aangeleentheid is wat slegs op 'n vasgestelde dag binne skoolure kan plaasvind, moet die voltooide N20-vorm twee skooldae voor die dag van vroeg-uitteken, voor 7:30, by die algemene kantoor ingedien word om goedkeuring te verseker.
5. Die nodige ondersteunende bewyse/dokumente moet aan die N20- vorm geheg word; daarsonder sal geen vroeg-uitteken goedgekeur word nie.
6. Gewone dokters-/fisio-/tandarts-/lisensie- en derglike afsprake is byvoorbeeld nie noodsaaklike afsprake nie en moet na 14:00 gereël word.
7. Slegs indien dit vir die betrokke dag/tyd deur die adjunkhoof goedgekeur is, sal dit as 'n wettige verskoning aanvaar word.

8. Die leerder gaan dan na die algemene kantoor om die uittekenboek by die adjunkhoof aan diens te voltooi.
9. Geen leerder sal toegelaat word om die terrein te verlaat sonder bogenoemde toestemmingsnota nie.
10. Op die dag van die afspraak ontmoet die leerder sy/haar ouers in die algemene kantoor en verlaat die skool by die voetgangershekkie waar hy/sy die uittekennota aan die sekuriteitsbeampte moet toon.
11. **Daar mag onder geen omstandighede van UBER gebruik gemaak word nie en leerders word nie toegelaat om na hulle bestemming te loop nie.**
12. Geen ouer/voog sal meer toegelaat word om 'n leerder uit te teken indien die leerder self die ouer/voog gekontak het nie.
13. Geen leerder sal met 'n e-postoestemmingsbrief, sonder die voltooide N20-vorm, uitgeteken word nie.
14. **Geen leerder sal uitgeteken word tensy die prosedure met die N20-dokument gevolg is nie.**
15. Die adjunkhoof sal die ouer kontak indien daar geen bewyse van 'n afspraak is nie.
16. Dit is van kardinale belang dat elke leerder vir die volle skooldag in die klasse is; daarom word enige afspraak gedurende skooltyd ontmoedig.
17. Geen leerder sal die skoolterrein verlaat sonder dat die persoon, wat hom/haar kom uitteken, in die kantoor is nie.
18. Indien 'n leerder voor 10:00 uitgeteken word en nie weer met terugkoms aanmeld by ontvangs nie, sal die leerder afwesig gemerk word vir daardie dag.
19. Geen leerder sal uit 'n klas geroep word nie.
20. Indien 'n ouer geen terugvoer van die skool kry nie, beteken dit dat die aansoek goedgekeur is.